PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **5 JULIE 2016**

PIETERSBURG

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Lourens Erasmus Tel. No. 0718681609 e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Dennis Traynor open met gebed. Voorsitter heet alle lede teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Voorlees van Doelstellings**<br>Doelstellings voorgehou deur Voorsitter. | Almal |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br>Nico Wepener, Braam Els, Frikkie van Deventer en Stan Rodgers. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.5 | **Mosies / Motions**<br>1.5.1 Stan Rodgers<br>Het oog operasie gehad. Voorsitter wens hom sterkte toe met ‘n spoedige herstel<br>1.5.2 Frikkie van Deventer<br>Van Deventer gesin was in ‘n motorongeluk op 13 Junie. Voorsitter het met hulle gepraat en hulle strekte toegewens. | Almal |
| 1.6 | **Korrespondensie / Correspondence**<br>1.6.1 SA Sport en Jag Federasie<br>Die organisasie is in die proses om ‘n skietbaan op te rig. Weens | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | die grote van die skietbaan (>10000m$^2$) moet die publiek in samesprekings betrek word en daar moet 'n omgewings impak studie gedoen word. Die openbare vergadering en bespreking sal op 10 Augustus om 18h00 plaasvind.<br><br>1.6.2 CHASA Navorsingsprojek<br>Alle lede word versoek om die CHASA dokumente in te vul en terug te stuur aan CHASA. Hierdie vraelys poog om CHASA aktiwiteite te bevorder. Benewens hierdie vraelys, blyk dit ook dat hulle opsoek is na borge om die uitvoerende beampte se salaris te betaal. | |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Voorsitter lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 7 Junie 2016.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br><br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Patrick Meyer<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Bertus Visagie | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake**<br>2.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Dit bly die verantwoordelikheid van all lede om te verseker dat hulle weet wanneer lisensies verval en hernu moet word. Tree vroegtydig op. Hofsaak tans aan gang om grondwetlikheid van die proses te bevraagteken. | Rudi Myburgh |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 BJV Skietbaan<br>Een van ons lede Andre Saayman het n aantal bande beskikbaar vir die bou van die bane. Patrick Meyer sal ook met sy kontakte opvolg.<br>1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br>Vermaak gesin<br>Snr lid: A. Oosthuizen<br>MY Moosa gesin<br>1.9.3 Munisipale Skietbaan<br>Daar was gevalle van drank gebruik op die skietbaan. Wet gewing bepaal dat geen narkotiese middels op 'n skietbaan gebruik mag word nie. Vir praktiese en wets doeleindes word enige skietbaan as 'n drankvrye sone beskou. Lede asook ander klubs word versoek om nie deur hul gedrag hulself skuldig te maak aan kriminele optrede nie. | Rudi<br><br>Debbie |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.10 | **Opleiding / Training**<br>1.10.1 Junior opleiding<br>Met Stan se oogoperasie staan hierdie bespreking oor. | Rudi/Stan |
| 1.11 | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br>1.11.1 Algemeen<br>Dit bly die verantwoordelikheid van lede om hulle aktiwiteite aan Debbie deur te gee. Sy sal die inligting wat ontvang word dan op die stelsel sit. Voorsitter herinner lede aan BJV doelstellings en dat hulle pertinent daarop moet fokus wanneer hulle jag. Daar word ook 'n versoek gerig aan lede om met oordeelkundigheid te let op die jag foto's wat hulle neem. Hierdie foto's het die potensiaal om die organisasie asook jag in die algemeen skade aan te doen.<br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen name van Debbie ontvang. | Toegewydejagters<br><br>Debbie |
| 1.12 | **Finansieëleverslag / Financial report**<br>Verslag staan oor. | Ben |
| 1.13 | **Sosiaal / Social**<br>1.13.1. Algemeen<br>Voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak betaal R35.00 en lid die res. | |
| 1.14 | **Skietdae**<br>1.14.1 Skietdag terugvoer – 18 Junie 2016<br>Slegs vier lede het hierdie aktiwiteit bygewoon.<br>1.14.2 18 Junie 2016 Veldskiet te BelaBela.<br>Hierdie veldskiet aktiwiteit is deur 52 skuts bygewoon. Baie positiewe terugvoer ontvang. Die Veldskiet is deur Dippies (van Potties) gewen met 'n telling van 889. Die hele idee agter hierdie skietdag was nie om 'n geweldige moeilike baan op te stel nie, maar om deelname te promoveer. Lede wat deelgeneem het, het in die algemeen redelike ho tellings behaal het.<br>1.14.3 20 Augustus Rondomtalie skietdag<br>Voorsitter dui aan dat BJV voorkeur het op die gebruik van die bane tydens hoerdie naweek aangesien dit geboek is vir BJV aktiwiteite. Ander klubs (uitsluitend NDPC) veroorsaak wrywing weens hulle onvermoë om ander klubs en hulle aktiwiteite te rispekteer.<br>Die Voorsitter versoek lede (asook besighede) om borge beskikbaar te stel vir die skietdag.<br>1.14.4 23 Julie Skietdag te Polokwane<br>Lede word herinner dat die CHASA skietjaar strek vanaf 31 Augustus to 31 Julie. Daar sal drie aktiwiteite op die skietdag aangebied word: (i) CHASA tabelle vir .22 en jaggweer en (ii) 'n pistool baan (15 skote maksimum vir die pistool afdeling). | Rudi<br><br>Rudi |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING
## NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 2.1 | Markus se plaas is ongelukkig reeds vol bespreek is vir die huidige seisoen. BJV sal kontak met hom behou. | Almal |
| 2.2 | Olifant ivoor<br>Daar was navraag van 'n lid rakende die registrasie van sy ivoor wat hy by sy oupa ge-erf het. Rudi sal die saak met Stan bespreek. | |
| 2.3 | Corrie<br>Pietersburg Maatskaplike Dienste loot 'n jag geleentheid uit. Kaartjies is beskikbaar teen R100/kaartjie en die trekking sal op 15 Julie 2016 plaasvind. Voorsitter dui aan dat hy vir Debbie sal vra om 'n e-pos rakende die aangeleentheid aan BJV lede te stuur. | |

## 3. ALGEMEEN
## GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Geen bespreking het plaasgevind nie. | |

## 4. VOLGENDE VERGADERING
## NEXT MEETING

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Die volgende vergadering sal plaasvind op Dinsdag 2 Augustus 2016 om 18:00 in die saal. | |

## 5. AFSLUITING
## CLOSING

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes. | |

## 6. GOEDGEKEUR
## APPROVED

____________________ ____________________

Sekretaris Datum

____________________ ____________________

Voorsitter Datum